

Publication: RapportFreeState (Sport)
Publication Date: 02 Apr 2017
Page: 15

AVE: 91885.04
Circulation: 9941
Part: 1 of 1

**VARSITYBEKER:** Tukkies mik vir tuiseindstryd

# Dawid pak Goliat in albei stryde

**Leighton Koopman**

Dis môre 'n geval van Dawid en sy tweeling teen Goliat en sy tweeling in die Varsitybeker se halfeindronde. In albei halfeindwedstryde gaan 'n kleintjie 'n grote pak.

In Stellenbosch gaan die Universiteit van Johannesburg probeer om die appelkar teen die Universiteit Stellenbosch om te gooi.

In Pretoria wag 'n steil bult op die Shimlas in hul kragmeting met Tuks, wat al die eienskappe van 'n kampioenspan het en die oorweldigende gunsteling is.

Vir die Maties en UJ is hul kragmeting van verlede week net statistiek in die rekordboeke.

Hulle speel in die eerste halfeindstryd en weer op Stellenbosch.

Vir UJ is dit 'n tweede kans nadat hulle verlede week op die Danie Craven-stadion in dié studentedorp met 19-65 deur Maties afgeslag is.

Vir UJ is dit seker nie baie bemoedigend om na die slagveld terug te keer waar hulle bloed nog skaars droog is nie, maar hul afrigter, Werner Janse van Rensburg, is ewe vol vertroue dat hulle die lesse van verlede week tot hul voordeel kan gebruik in die halfeind.

"Dit mag dalk na 'n vreemde opmerking klink, maar ons was tevrede dat ons (verlede week reeds) onder daardie omstandighede gespeel het," sê hy.

"Jy kan nooit 65 punte teen jou goedpraat nie. Glo my, vir die spelers was dit van Dinsdag af tot en met die videosessie van Woensdag moeilike dae.

"Ons het toe eerlik met mekaar gesels. Daar is nou weer 'n rustigheid onder die ouens, want ons weet nou wat op ons wag.

"Baie spanne moet 'n jaar wag om sulke nederlae reg te stel. Die positiewe vir ons is dat ons dit binne sewe dae kan doen."

Vir Hawies Fourie, afrigter van die Maties, is die belangrikste dat sy span gefokus sal bly ondanks die genoegdoening van hul groot sege.

" 'n Mens sal soveel moontlik van dieselfde wil doen as verlede week," het hy gesê.

"UJ gaan beslis 'n perd van 'n ander kleur wees. Ook begin ons met die telbord weer op 0-0. So, ons moet van vooraf punte aanteken."

Volgens Fourie gaan die Maties hulle in die skrums en by die afbreekpunte moet laat geld, want dis waar UJ in hul laaste kragmeting die kitaar geslaan het.



**Tinus de Beer van Tuks se Varsitybeker-span kan met sy skopvoet 'n deurslaggewende rol speel in die Pretorianers se poging om met 'n sege môre oor die Shimlas 'n tuiseindstryd te verseker.** | FOTO: MARIO VAN DE WALL/SASPA



■ In Pretoria sal die Universiteit van Pretoria sy opmars na 'n eerste Varsitykroon sedert 2013 wil voortsit.

Die span is die groot gunsteling om met die Shimlas af te reken. Kry hulle dit reg, wag 'n eindstryd op hul tuisveld.

Pote Human, afrigter van Tuks, sê sy span is versigtig optimisties oor die stryd teen die Vrystaatse studente.

"Ons sal bly wees indien ons hierdie wedstryd ook so kan oorheers soos van ons ander ligawedstryde, maar enigiets is op die dag moontlik," het die ervare afrigter gesê. "Die speelveld is nou gelyk en ons weet wat die Shimlas kan vermag wanneer hulle aangevuur is."

Human meen die Shimlas se ekstra week van rus kan tot voordeel van die span wees. Terselfdertyd het Tukkies groot momentum aan hulle kant, al is die spelers se lywe effe meer gekneus.

Hendro Scholtz, afrigter van die Shimlas, glo as sy span 60% beter doen as vroeër in die seisoen teen Tuks, sal hulle beter rekenskap van hulself kan gee.

"Ons kan nie swakker wees as op daardie dag nie," het Scholtz gesê.


"Eerstefase-besit gaan baie belangrik wees; ons lynstane moet ook beter wees. In 'n halfeind kan enigiets gebeur, so ons moet net op ons beste wees."

Drie sleutelspelers van die Shimlas, die kaptein en senter Stephan Janse van Rensburg, die heelagter Marco Mason en die flank Daniel Maartens het van beserings herstel en is beskikbaar vir die kragmeting.

■ **TV-tye:**
**16:30:** Maties t. UJ (regstreeks, SS1);
**19:00:** Tuks t. Shimlas (regstreeks, SS1).

**PUNTELYS**

| | S | W | G | V | B | P |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Tuks | 8 | 7 | 0 | 1 | 6 | 34 |
| Maties | 8 | 7 | 0 | 1 | 6 | 34 |
| UJ | 8 | 5 | 0 | 3 | 5 | 25 |
| Shimlas | 8 | 5 | 0 | 3 | 3 | 23 |
| Wits | 8 | 4 | 0 | 4 | 5 | 21 |
| Pukke | 8 | 4 | 0 | 4 | 3 | 19 |
| Madibaz | 8 | 2 | 0 | 6 | 3 | 11 |
| Ikeys | 8 | 2 | 0 | 6 | 1 | 9 |
| Ixlas | 8 | 0 | 0 | 8 | 3 | 3 |



**Die Maties het hulself bewys as 'n span wat drieë kan druk. Duncan Saal hou sy lyf swaeltjie in verlede week se wedstryd teen UJ.** | FOTO: JACO MARIAS

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.